HTS Tom Naudé THS

GEDRAGSKODE

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL I

1. AGTERGROND

1.1 Ingevolge artikel 12 gelees met artikel 52 van die SA Skolewet 84/1996(hierna genoem die Skolewet) is die HTS Tom Naudé (hierna genoem "die skool") 'n openbare skool.
1.2 Ingevolge artikel 16 van die Skolewet, vestig die beheer van ‘n skool in sy beheerliggaam.
1.3 Ingevolge artikel 8 van die Skolewet, gelees met enige ander relevante wetgewing, moet die beheerliggaam 'n Gedragskode vir leerders aanvaar na konsultasie met die leerders, hul ouers en die opvoeders van die skool wat dan van toepassing sal wees op opvoeders en/of personeel en/of leerders en/of koshuisgangers van HTS Tom Naudé
1.4 ‘n Gedragskode beoog in subartikel (1) moet daarop gemik wees om ‘n gedissplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses, te vestig.
1.5 Geen bepaling van hierdie Wet stel ‘n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie

2. WOORDBEPALINGS

In hierdie Gedragskode, tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde die betekenisse daarteenoor aangetoon:

Beheerliggaam	-	beheerliggaam van die skool;
Kode van Regte en Pligte	-	die Kode van Regte en Pligte van die onderskeie belangegroepe van die skool;
Skool	-	HTS Tom Naudé en kan ook skoolterrein en of koshuis insluit;
Koshuis	-	Rooibok of Gemsbok koshuis
Skoolterrein	-	skoolterrein van die skool en/of die koshuise;
Skooleiendom	-	HTS Tom Naudé en/of Rooibok en/of Gemsbok koshuis;
M**inister**	-	die Nasionale en of Provinsiale Minister van Onderwys;
Departement	-	Nasionale Departement van Onderwys en of Limpopo Onderwys Departement.
Skoolhoof	-	die skoolhoof en/of waarnemende skoolhoof van die skool;
Opvoeder	-	enige opvoeder soos omskryf in die Skolewet
Leerder	-	enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge hierdie Wet
Ouer	-	kan ook in relevante omstandighede gelees word as die voog en/of regsverteenwoordiger van die leerder
Algemene klasreëls	-	die reëls waarna verwys word in hierdie Gedragskode
pligtestaat	-	die pligtestaat van die VRL, waarna verwys word in hierdie Gedragskode
Gedragskode vir die VRL	-	die gedragskode waarna verwys word in hierdie Gedragskode

Dissiplinêre Komitee	-	die komitee bestaande uit nie-beheeerliggaamslede en of beheerliggaamslede soos deur die Beheerliggaam aangewys
VRL	-	Verteenwoordigende Raad van Leerders
Koshuisbewoners	-	Inwonende leerders van die koshuise

4. HERSIENING VAN GEDRAGSKODE

Hierdie Gedragskode kan enige tyd deur die Beheerliggaam gewysig word na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar word.

5. INTERPRETASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van hierdie Gedragskode, moet hanteer word ooreenkomstig die onderskeie toepaslike en relevante wetgewing en of ‘n finale beslissing van die beheerliggaam.

6. LEERDERS GEBONDE

Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie Gedragskode.

Hierdie Gedragskode is ‘n riglyn en daarom kan enige onaanvaarbare gedragsoptrede van ‘n leerder wat nie hierin vervat is nie ook hanteer word ooreenkomstig die dissiplinêre bepalings en of riglyne en of prosedures van hierdie Kode en of relevante wetgewing.

7. KODE VAN REGTE EN PLIGTE

8.1 Die Kode van Regte en Pligte, hierin vervat, van die skool moet saam met die Gedragskode gelees word.

8.2 Die Kode van Regte en Pligte sit die onderskeie regte en verpligtinge van die belangegroepe van die skool uiteen en het ten doel die skepping van 'n klimaat van onderlinge respek, begrip en verdraagsaamheid tussen die verskillende groepe, in die belang van vreedsame verhoudinge in 'n doelgerigte en dinamiese skool.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM VAN HTS TOM NAUDé
KRAGTENS 'N BESLUIT GENEEM TE POLOKWANE OP _____

_____ _____ _____
VOORSITTER SKOOLHOOF SEKRETARIS

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS
DEEL II
SKEDULE A
GEDRAGSREËLS

1. ALGEMENE REËLS

1.1 Die leerders sal te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool optree.
1.2 Leerders sal hul vergewis van die Kode van Regte en Verpligtinge, synde deel van hierdie Gedragskode, en sal dienooreenkomstig laasgenoemde optree.
1.3 Leerders sal te alle tye met die nodige hoflikheid en respek teenoor die skoolhoof, opvoeders, ander personeel en mede-leerders van die skool en of ander skole optree.
1.4 Leerders sal hul weerhou van opstandige optrede.
1.5 Leerders is verplig om die skoolhoof, opvoerders, personeel en mede-leerders te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde, asook die skep van 'n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, opvoeder, lid van die VRL en of klasleier te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik.
1.6 Leerders moet tydens hul interaksie met mekaar selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend.
1.7 Hierdie gedragsreëls, waar relevant, is ook van toepassing op die koshuisbewoners.

2. KLASREËLS

2.1 Klasreëls moet deur die skoolhoof en/of opvoeders en/of VRL en/of klasleiers in oorleg met die leerders vir die klas geformuleer word.
2.2 Leerders moet die klasreëls gehoorsaam.

3. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

3.1 SEUNS

Slegs die voorgeskrewe skooldrag is toelaatbaar.
Let op die volgende:

SKOENE
Skoon swart / bruin toeryg-skoolskoene. Skoensole nie hoër as 3 cm nie. Geen gespes of gekleurde strikkies word op skoene toegelaat nie. Geen stewels (boots) word toegelaat nie. Geen duimspykers op die skoenhak word toegelaat nie.

KOUSE
Slegs voorgeskrewe grys skoolkouse.

HEMDE
Somer: Khaki hemp. Geen wit langmouhemde word toegelaat nie.
Winter: Voorgeskrewe wit hemp.

DASSE
Voorgeskrewe skooldas in die winter met A-drag. Das moet netjies geknoop wees en nie los hang of te kort ge-knoop wees nie. Gr. 12-leerlinge dra die hele jaar lank ‘n spesiale gr. 12-das.

BROEKE
Somer: Khaki kortbroek.
Winter: Voorgeskrewe grys langbroek met gordel.
("boxers" mag nie sigbaar wees nie).

TRUIE
Slegs voorgeskrewe skooltruie mag gedra word. Truie se moue mag nie opgestoot word nie. Truie mag nie om die skouers of middel geknoop word nie.

SKOOLBAADJIE
'n Effekleurige skoolbaadjie is beskikbaar en mag in die winter en somer gedra word.

- Provinsiale kleure mag op Vrydae gedra word.
- ID-kaarte is deel van skooldrag en moet ten alle tye sigbaar gedra word.
- 'n Wit serp of Tommie-serp is toelaatbaar.

HAARSTYLE
1. Hare moet kort om die ore wees en mag nie oor die ore gekam word nie.
2. Hare moet skoon en netjies wees .
3. Jel word op die volgende voorwaardes toegelaat:
- Hare moet agter, bo en langs die kante platgekam wees.
- Indien die kuif die enigste gedeelte van die styl is wat regop staan, mag die kuif nie langer as 3cm wees nie.
- Geen oormatige jel word toegelaat nie.
4. Kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie.
5. Geen baarde en snorre word toegelaat nie.
6. Bakkebaarde mag nie langer as gelyk met die middel van die oor wees nie.
7. Geen kleur- of sonstrepies nie. Slegs natuurlike haarkleur word toegelaat.
8. Geen "steps" of sierstyle nie.
9. Geen "dreadlocks" nie.
10. Hare mag nie agter oor die kraag hang nie.
11. Hare mag nie langer as 60 mm wees nie. Indien langer as 40 mm moet hare plat gedra word.
12. Afrika-style word toegelaat binne die diskresie van die hoof of sy afgevaardigde.

ALGEMEEN
1. Geen juwele of koperbandjies word toegelaat nie (mediese bandjies uitgesluit).
2. Slegs amptelike skoolwapens en -balkies mag aan die lapel gedra word.
3. Die gordel moet dieselfde kleur as die skoen of broek wees.
4. Geen dekoratiewe gespes word toegelaat nie.
5. Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.
6. In 'n werkswinkel moet 'n blou oorjas gedra word.
7. Geen neusringe of tongringe is toelaatbaar nie.

TOMMIEDRAG
Word aangetrek op dae soos vooraf deur die bestuurspan bepaal, bv. tydens sportgeleenthede.
- Tommie hemp en -broek.
- Kort wit kouse, verkieslik Tommie-kouse.
- Tekkies wat met veters vasmaak.
- Slegs 'n voorgeskrewe blou denim word saam met die Tommie t-hemp toegelaat.

A-DRAG
Word op Maandae en alle geleenthede waar leerders die skool verteenwoordig, aangetrek. Voorgeskrewe grys langbroek, grys kouse, swart / bruin skoene, wit langmouhemp, das en skoolbaadjie of trui. Standaard grys langbroeke is toelaatbaar.

VERSKAFFER
Alle voorgeskrewe skooldrag is by die klerewinkel op die skoolterrein teen 'n bekostigbare prys beskikbaar.

3.2 DOGTERS

Slegs die voorgeskrewe skooldrag is toelaatbaar.
Let op die volgende:

SKOENE
Swart toerygskoene of swart skoene met ‘n bandjie en ‘n klein gespe. Hakke mag nie hoër as 3 cm wees nie. Geen gekleurde strikkies mag op skoene voorkom nie.

KOUSE
Somer: Slegs skoon, kort, wit skoolsokkies, een maal omgevou en nie opgerol nie.
Winter: Voorgeskrewe grys kouse.

HEMDE
Goedgekeurde wit skoolbloes.

DASSE
Gr. 12: Voorgeskrewe das
Gr. 8-11: Skooldas in winter met A-drag. Das moet netjies geknoop wees en nie los hang of kort geknoop wees nie.

TRUIE
Slegs voorgeskrewe skooltruie. Truie se moue mag nie opgetrek word nie. Die trui mag nie om die middellyf of skouers geknoop word nie.

ROMPE
‘n Bruin skoolromp moet in die somer gedra word. Lengte geneem in knielende posisie is 7 cm van die grond af. Rompe mag nie om die middel omgevou word nie. Verstellings moet in dieselfde kleur gedoen word. Rompe mag onder geen omstandighede afgewerk word om nouer te pas nie.

LANGBROEKE
As deel van die skooldrag is ‘n grys langbroek in die winter toelaatbaar. Bruin rompe mag ook in die winter gedra word. Geen seunslangbroeke word toegelaat nie. Langbroeke is by HTS Tom Naudé se klerewinkel beskikbaar. (Die voorgeskrewe broek het ‘n spesifieke, toelaatbare snit.) ‘n Moulose trui mag saam die broek aangetrek word, asook ‘n trui en baadjie.

SKOOLBAADJIES
‘n Effekleurige skoolbaadjie is by die klerewinkel beskikbaar en mag in die winter en somer gedra word.

- Provinsiale kleure mag op ‘n Vrydag gedra word.
- ID-kaarte is deel van skooldrag en moet ten alle tye sigbaar gedra word.
- Slegs wit- of Tommie-serpe mag gedra word.

HAARSTYLE
1. Kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie.
2.‘n Haarband mag nie breër as 25 mm wees nie (wit, bruin of swart).
3. Slegs wit, bruin en swart rekkies en knippies word toegelaat.
4. Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
5. Boskasies en fratshaarstyle word nie toegelaat nie.
6. Hare mag nie gekleur wees nie.
7. Ander kultuurgroepe:

• Eie hare reguit gevleg (geen blokke).
• "Yaki Bulk" word toegelaat, maar moet vasgemaak word.
• Geen klein vlegsels, wol verlengstukke, lang verlengstukke, "pony" of "dabreds" nie.
8. Slegs seniordogters (gr. 10-12) mag sonstrepies hê. Die strepies mag nie meer as twee skakerings ligter as die natuurlike haarkleur wees nie. Geen hare mag heeltemal gekleur word nie. Daar sal baie streng teen leerders wat die reël oortree, opgetree word.
9. Afrika-style word toegelaat binne die diskresie van die hoof of sy afgevaardigde.

ALGEMEEN
1. In 'n werkswinkel moet 'n blou oorjas gedra word.
2. Geen gekleurde of kant-onderklere nie.
3. Kleurlose naellak is toelaatbaar. Naels moet altyd kort en netjies wees.
4. Een stel goue / silwer knoppies- en ringetjie-oorbelle ± 3mm word toegelaat. Ringetjies se deursnee mag nie meer as 14mm wees nie.Oorbelle mag slegs in die onderste gaatjie gedra word.
5. Geen neusringe of tongringe is toelaatbaar nie.
6. Slegs seëlringe en polshorlosies is toelaatbaar.
7. Geen armbande, hangertjies of ander juweliersware word toegelaat nie.
8. Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.

TOMMIEDRAG
Word aangetrek op dae soos vooraf deur die bestuurspan beplan, bv. tydens sportgeleenthede.
- Tommiehemp en -broek.
- Kort wit sokkies.
- Tekkies met veters wat vasmaak.
- Slegs 'n voorgeskrewe blou denim word saam met die Tommie t-hemp toegelaat.

A-DRAG
Word op Maandae, of enige geleentheid waar die leerder die skool verteenwoordig, aangetrek.
Somer: Romp of grys langbroek met kortmoubloes, met knoop bo vir das, wit sokkies en skoene.
Winter: Grys langbroek / bruin romp, wit langmoubloes, das, grys sokkies, swart skoene, baadjie/trui.

LANGBROEKE OP MAANDAE
Somer: Grys langbroek, grys kouse, wit kortmoubloes en das.
Winter: Grys langbroek, grys kouse, wit langmoubloes, das, baadjie / trui .

VERSKAFFER
Die voorgeskrewe skooldrag is by die klerewinkel op die skoolterrein beskikbaar teen bekostigbare pryse.

4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

4.1 Deelnemers aan sport

4.1.1 Leerders wat gekies word om die skool in enige sportaktiwiteit te verteenwoordig, moet in die sportdrag van die skool geklee wees.
4.1.2 Gedurende die winter- of somerseisoen word alle sportgeleenthede in volle winter- of somersdrag bygewoon.

4.1.3 Lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers word van alle deelnemers aan sportaktiwiteite verwag. Deelnemers moet betyds en stiptelik aanmeld vir sportaktiwiteite. Indien ‘n leerder nie aan die betrokke aktiwiteit gaan deelneem nie, moet dit vroegtydig aan die betrokke afrigter gerapporteer word. Indien die leerder sonder verskoning wegbly of nie die redes vir die afwesigheid aan die afrigter meedeel nie, kan die aangeleentheid na ‘n dissiplinêre komitee verwys word.
‘n Leerder en/of ouer of voog wat verspilde koste as gevolg van dié nie-nakoming van die vooraf verlangde kennisgewing aan die betrokke afrigter veroorsaak, kan vir die kostes verantwoordelik gehou word. Die Beheerliggaam sal bepaal of die gemelde verhaling van die verspilde kostes moet plaasvind.

4.1.4 Dit word van deelnemers verwag om te alle tye hoflik op te tree en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die volgende persone te voldoen:
(a) die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;
(b) die skeidsregter of beoordelaar van die betrokke aktiwiteit;
(c) die spankaptein.

4.1.5 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.

4.1.5 Geen verbode middels mag deur ‘n leerder gebruik of ingeneem word nie. Leerders kan enige tyd versoek word om vir moontlike verbode middels getoets te word.

4.2 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

4.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende, onbetaamlike gedrag en of gedrag wat die waardigheid van die skool skend. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

4.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon, sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of ouer deur die skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.

4.2.3 Die reëls soos hierbo uiteengesit in 4.1 sal ook van toepassing wees op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit benewens sportaktiwiteite, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

4.2.4 Leerders moet op Saterdae (tydens sport-byeenkomste), as toeskouers of deelnemers, te alle tye in hul skooluniform geklee wees.

5. SKOOL- EN KOSHUISEIENDOM

5.1 “**Skool- en koshuiseiendom**” sluit onder andere die volgende in:

5.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue

5.1.2 plante en of bome en of diere ;

5.1.3 alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word.

5.1.4 enige rekenaar/elektroniese verwante aangeleenthede soos bv. data verwante inligting, sagteware, rekenaarprogram, webwerf, ens.

5.2 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.

5.3 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van ’n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd en in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom.

5.4 Geen leerder mag doelbewus of nalatiglik enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie.

5.5 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of ’n opvoeder van die skool nie.

5.6 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie.

5.7 Geen rekenaar/elektroniese verwante aangeleenthede van die skool mag onregmatiglik gebruik [bv. duplisering] en of binnegedring [bv.“hacking”] word nie.

5.8 Die beskadiging en of verlies van enige eiendom van die skool moet onmiddellik deur die waarnemer daarvan en of die dader daarvan aan die skoolhoof en of ‘n opvoeder gerapporteer word. Die versuim om sodanige optrede te rapporteer is ‘n baie ernstige oortreding.

5.9 Bogemelde reëls is van toepassing op skooleiendom wat op die skoolterrein en of van die skoolterrein is.

6. VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (VRL)

6.1 Die skoolhoof mag in oorleg met die VRL ’n gedragskode vir die VRL formuleer.

6.2 Sodra dit deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal die gedragskode vir die VRL deel word van hierdie Gedragskode en ’n afskrif daarvan moet aan elke lid van die VRL en lid se ouers voorsien word. ’n Afskrif moet ook permanent op die skool en/of VRL se kennisgewingbord aangebring word.

6.3 Elke leerder moet enige redelike voorskrif van ’n lid van die VRL gehoorsaam en moet die VRL ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

6.4 Die skoolhoof, in oorleg met die personeel, VRL en beheerliggaam, moet ’n pligtestaat vir die VRL formuleer, ’n afskrif waarvan aan elke lid van die VRL, hul ouers en alle

6.5 Die gedragskode en pligtestaat vir die VRL en alle wysigings daarvan moet by die beheerliggaam ingedien word vir liassering tesame met hierdie Gedragskode.

7. SKOOLKENNISGEWINGS

Elke leerder is verplig om alle kennisgewings van die skool wat deur die beheerliggaam en of skoolhoof en of ’n opvoeder aan hom/haar gegee is, onverwyld aan sy/haar ouers te oorhandig. Enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, moet onverwyld en of stiptelik aan die klasonderwyser gegee word. Ouers word aangemoedig om van die elektroniese media gebruik te maak.

8. SKOOLWERK EN HUISWERK

8.1.a Elke leerder moet die huiswerk wat deur ’n opvoeder gegee is, stiptelik uitvoer. Indien daar ‘n geldige rede is waarom die leerder sy/haar huiswerk nie kon doen nie, moet die ouer/voog onverwyld ’n skriftelike nota met ’n aanvaarbare verduideliking vir die versuim, aan die opvoeder oorhandig.

8.1.b Die betrokke klasonderwyser kan die leerder onthef van die vereiste gemeld in paragraaf 8.1.a hierbo, indien die leerder aan die klasonderwyser ‘n aanvaarbare verduideliking/verskoning waarom die skoolwerk en of huiswerk nie nagekom is nie, verskaf.

8.2 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende ’n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Luiheid en ’n ooglopende versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder aanvaarbare verskoning, sal beskou word as ’n oortreding van hierdie reël.

8.3 Die gebruik van ‘n skoolhuiswerkboekie is verpligtend. Ouers moet asseblief toesien dat elke leerder ‘n huiswerkboek, waarin die daaglikse huiswerk aangeteken word, gebruik.

8.4 Alle huiswerk moet deur ‘n leerder self gedoen word en mag nie van ‘n ander afgeskryf word nie.

9. TOETSE EN EKSAMENS

9.1 Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs in uitsonderlike gevalle gekondoneer word. Dit kan alleenlik geskied indien die ouers van die betrokke leerder vooraf of onverwyld na die toets- en of eksamendatum ’n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die skoolhoof oorhandig het. Indien die leerder as gevolg van mediese redes afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat die gemelde skriftelike verduideliking vergesel.

9.2 Indien daar nie aan die vereiste soos bepaal in paragraaf 9.1 hierbo voldoen word nie, sal daar ‘n nul-punt vir die betrokke toets- en of eksamenvak aan die leerder toegeken word.

9.3 Geen oneerlike optrede van die leerder sal geduld word nie. Indien die leerder op ‘n oneerlike en of onaanvaarbare wyse tydens die aflegging van die toets of eksamen optree, kan die leerder gevra word om onmiddellik die lokaal te verlaat.

9.4 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer en of enige steurnis tydens die afneem van toetse of eksamens veroorsaak nie.

9.5 Toets- en of eksamenlokaalreëls sal deur die betrokke opvoerder in beheer van die gemelde lokaal bepaal word.

9.6 ‘n Leerder wat gedurende die aflegging van ‘n toets en/of eksamen die lokaal moet verlaat [bv. om die toilet te besoek], mag onder geen omstandighede die inhoud van die toets- of eksamenvraestel met ‘n medeleerder bespreek nie.

9.7 Geen leerder mag in besit wees of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van ’n toets- of eksamenvraestel nie. Die leerder mag nie kul, die vraestel versprei, dit uitruil,

10. SKOOLRAPPORTE:

Leerders moet hul skoolrapporte onverwyld aan hul ouers/voogde oorhandig.

11. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE WAT LEERDERS OP DIE SKOOLTERREIN BESTUUR:

11.1 Geen leerder mag ’n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein bestuur, tensy hy/sy oor ‘n geldige bestuurderslisensie vir ‘n motor of ‘n geldige bestuurderslisensie of leerlingbestuurderslisensie vir ‘n motorfiets beskik nie.

11.2 Geen leerder mag ’n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein op so ’n wyse bestuur dat dit ’n risiko of moontlike nadeel vir ander leerders inhou. ‘n Snelheidsgrens van 20 km/h geld op die skoolterrein.

11.3 Geen leerder mag ‘n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein gebruik anders as ‘n vervoermiddel om na en van die skool te reis nie.

12. STIPTELIKHEID:

12.1.1 Die skooldag is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses sowel as ander skoolaktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag opdaag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit.
12.1.2 Skooltyd is van 07:10 tot 13:45 of soos deur die Beheerliggaam bepaal.
12.1.3 Leerders wat laat by die skool opdaag, moet by die adminkantoor aanmeld.

12.2 AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI

12.2.1 Die klok lui aan die begin van die skooldag om 07:10. Wanneer die klok lui, moet alle leerders **dadelik** by die aantreepunte bymekaarkom.
12.2.2 Wanneer leerders vir saal aantree, moet dit in hul registerklasse by die onderskeie aantreepunte wees. Die klaskaptein moet kontroleer of al die leerders daar is. Hulle moet dus te alle tye ‘n klaslys by hulle dra.

12.2 AANTREDE BY DIE SAAL

12.3.1 By die aantrede vir saalgeleenthede beweeg die leerders flink na die voorgeskrewe aantreepunte en staan in klasseksies.
12.3.2 Die leerders stap ordelik die saal binne en geen geselsery word in die saal toegelaat nie.
12.3.3 Elkeen gedra hom/haar ordelik vir die saalgeleentheid.
12.3.4 Leerders verdaag ordelik nadat die personeel die saal verlaat het.

13. AFWESIGHEID

13.1 Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van die skool afwesig wees. 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag na sy/haar afwesigheid , 'n verduidelikende skrywe gedurende die registerperiode vir die registeronderwyser gee. Die registeronderwyser of graadhoof mag die rede vir afwesigheid met die ouer bespreek.
13.2 Gedurende skoolure word dringende verlof deur mev. W.Roux , by die adminkantoor, op 'n spesiale vorm in die geval van ernstige siekte, dood of begrafnis, besoek aan spesialis, ens. verleen. Die leerder moet egter reeds die toestemmingsvorm van die graadhoof voltooi het.
13.3 Geen leerder mag 'n ouer of iemand anders skakel om hom/haar gedurende skooltyd te kom haal alvorens die nodige toestemming vooraf van die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerder by die adminkantoor kom haal en uitteken.
13.4 Enige leerder wat sonder ’n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word geag stokkies te draai, wat streng verbode is. Die departementele amptenare kan in sekere gevalle versoek word om leerders by hul huise te gaan haal en skool toe te bring.
13.5 Indien leerders gedurende die skooldag vir afsprake moet gaan of deur die ouers gehaal word, moet hulle reeds aan die begin van die dag die versoek skriftelik by sv/haar graadhoof ingee. Hy/sy sal dan aan hulle ‘n toestemmingsbrief gee om by mev. W.Roux in te gee om later die dag die skool te verlaat.
13.6 Gedurende klastyd moet leerders ‘n toestemmingskaartjie van die vakonderwyser by hom/haar hê indien hulle die klas moet verlaat.

14. OMGEWING

14.1 Leerders mag nie die skoolgrond of -geboue bemors nie.
14.2 Geen leerder mag tydens skooltyd met enige persoon aan die buitekant van die skoolheining mondelings kommunikeer en of item[s] aangee of ontvang nie.
14.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein netjies en skoon agterlaat en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
14.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat.
14.4 Enige optrede of versuim van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
14.5 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of 'n waterkraan oop los nie.
14.6 Geen slagspreuke ("graffiti"), plakkers, plakkate of iets soortgelyks mag op enige oppervlakte by die skool aangebring word, sonder die toestemming van die skoolhoof nie.
14.7 Geen leerder mag enige handelsadvertensies en/of propaganda en/of kennisgewing[s] wat die skool se eer kan skend/benadeel en/of iets soortgelyks op die skoolterrein versprei sonder die toestemming van die skoolhoof nie.
14.8 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die VRL met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

15. AFKONDIGINGS

Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en in hulle banke sit en luister wat gesê word.
Alle afkondigings moet betyds by die kantoor ingehandig word en deur die betrokke onderwyser geteken wees.

16. BALSPELE

Geen balspele mag onderdak of naby geboue of by die personeel se motors gespeel word nie. Daar mag slegs op die B-veld met balle gespeel word.

17. BESERING EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word. So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming deur iemand anders as die ouers by die skool gehaal word.

18. EET GEDURENDE LESURE

Geen leerder mag gedurende lesure eet, kougom kou of iets drink nie. Die opvoeder mag alle kos, lekkers of peuselgoed konfiskeer. Slegs deurskynende waterbottels word in klasse toegelaat.

19. ELEKTRIESE- EN OF ELEKTRONIESE INSTALLASIES

Geen leerder mag aan enige klankstelsel en/of skakelborde en/of elektriese/ elektroniese installasies, ligskakelaars en/of interkomstelsels en of rekenaartoerusting en/of digitale toerusting peuter nie.

20. BRANDSLANGE

Geen leerder mag met die brandslange of brandblussers in en om die skool peuter nie.

21. FIETSE

21.1 Fietse mag slegs in fietshokke geparkeer word en nie teen geboue nie.
21.2 Fietse wat op ander plekke gelaat word, mag geskut word met 'n afkoopboete van R100.
21.3 Fietse word op eie risiko deur die leerders by die skool gebruik en toegesluit. Ouers moet toesien dat leerders hul fietse met behoorlike slotte toesluit.
21.4 Fietsryers moet te alle tye die algemene padreëls gehoorsaam.

22. HANDBOEKE

22.1 Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word van 'n goeie oortreksel voorsien en oppas.
22.2 As hy/sy 'n boek verlore laat raak, moet hy/sy die vervangingskoste by die finansiële beampte inbetaal en die kwitansie vir die verantwoordelike onderwyser gee. ‘n Ander handboek sal dan uitgereik word.
22.3 Indien ‘n leerder die skool verlaat, sal die sekretaresse slegs ‘n vertreksertifikaat uitreik indien al die handboeke wat aan hom/haar uitgereik is, teruggegee is.

KLASWISSELING

23.1 Wisseling tussen klasse moet binne 5 minute geskied.

23.2 Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
23.3 Stap altyd links, veral by trappe waar kinders maklik kan seerkry.

24. KLEEDKAMERS

24.1 Kleedkamers moet netjies en skoon gehou word.
24.2 Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
24.3 Slegs een leerder op 'n keer uit dieselfde klas mag die kleedkamers tydens klastye besoek. Geen leerder sal gedurende die adminperiode of direk na die pouses toegelaat word om na die kleedkamers te gaan nie.
24.4 Kleedkamers mag nie as vergaderlokale gebruik word nie.
24.5 Kleedkamers mag alleenlik gebruik word vir die doel waarvoor dit geskep is.

25. KOUGOM

Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.

26. ADMINISTRATIEWE KANTOOR

26.1 Geen leerder mag die administratiewe kantoor as 'n deurgang gebruik nie.
26.2 Leerders beweeg slegs deur die administratiewe kantoor as hulle die sekretaresse wil gaan spreek.
26.3 Wanneer leerders in die administratiewe kantoor wag om bedien te word, mag hy/sy nie deur mede-leerders vergesel word vir geselskap nie.
26.4 Leerders moet ordelik optree in die administratiewe kantoor.

27. POUSE

27.1 Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
27.2 Daar mag nie naby motors gespeel word nie.
27.3 Geen voorwerpe mag gegooi word nie. (Balle uitgesluit)
27.4 Niemand mag sonder die verlof van die hoof/graadhoof/adjunkhoof die terrein verlaat nie.
27.5 Geen fisiese kontak gedurende skoolure of in skooldrag sal toegelaat word nie.
27.8 Leerders mag geen besoekers gedurende die pouse ontvang nie.
27.9 Leerders mag nie gedurende pouses met enige persoon buite die skoolterrein kontak maak nie.

28. RADIO'S, MP3-SPELERS, TABLETTE, KAMERAS EN SELFONE

28.1 Leerders mag geen radio's, bandspelers, "walkmans", MP3-spelers, tablette, kameras [van welke aard ook al], selfone, enige soortgelyke elektroniese apparaat of televisiestelsel gedurende akademiese tyd gebruik nie.
28.2 Indien ‘n leerder bogenoemde in die skool moet gebruik, moet dit aan die begin van die dag by die adminkantoor, vir veilige bewaring, ingehandig word. Die skool aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige eiendom wat deur die leerders skool toe gebring word nie.
28.3 Musiek moet, sodra die leerders die skool betree, dadelik afgesit word.

29. TASSE

Slegs die naam, graad en seksie van die leerder mag op tas aangebring word. Dit is elke leerder se eie verantwoordelikheid om sy/haar tas op te pas. Geen graffiti word op skooltasse toegelaat nie.

30. NETBALBANE

Leerders mag slegs met die voorgeskrewe skoene op die netbalbane speel.

31. SONDAGSPORT

Geen geriewe van die skool is beskikbaar vir sport op Sondae nie.

32. OP EN AFLAAI VAN LEERDERS

32.1 Om veiligheidsredes moet ouers die leerders voor die skool begin en nadat die skool gesluit het, slegs in Dap Naudéstraat of by die rolhek langs die hoofingang in Potgieterstraat op- of aflaai.
32.2 Gedurende funksies soos sokkies, ens. moet ouers slegs die leerders voor die saal kom oplaai. ‘n Personeellid sal by die skool bly totdat die laaste leerder opgelaai is. Ons doen ‘n beroep op ouers om leerders stiptelik aan die einde van die funksie te kom haal.

33. DIE VOLGENDE WORD NIE OP DIE SKOOLTERREIN OF WANNEER LEERDERS OP TOERE/UITSTAPPIES DIE SKOOL VERTEENWOORDIG, IN WELKE HOEDANIGHEID OOKAL, TOEGELAAT NIE:

Die volgende is ernstige wangedrag en by skuldigbevinding kan dit tot die skorsing of uitsetting van ‘n leerder uit die skool lei:

33.1 In besit wees van ‘n gevaarlike voorwerp of dit gebruik het;
33.2 In besit wees van alkoholiese drank of onwettige dwelms, dit gebruik het of in sy of haar besit gehad het, dit verkoop het of versprei het;
33.3 ’n Daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg;
33.4 ’n Daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg, godslastering uiter, satanisme beoefen of immorele gedrag openbaar;
33.5 Haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit wees van en/of die vervaardiging van en/of verspreiding van pornografiese materiaal en/of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid;
33.6 Die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend;
33.7 Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry;
33.8 Herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode;
33.9 Homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op ’n skandelike, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra.

33.10 Die gebruik of wys van ongewensde vingertaal.
33.11 Enige seksuele en of verbandhoudende oortreding en of handeling met of sonder die toestemming van die slagoffer;
33.13 Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal teenoor personeel of mede-leerders.
33.14 Viktimisasie van mede-leerders.
33.15 Oortreding van eksamenreëls.
33.16 Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer- en onderrigproses in die klas.
33.18 Beplan en/of deelneem aan ’n sameswering/aanhitsing/aanstigting om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig deur middel van kollektiewe optrede, soos byvoorbeeld dreunsang.
33.19 Klasbywoning boikot.
33.20 Belastering en/of aantasting van die waardigheid van ’n opvoerder en/of nie-opvoerder en/of medeleerder.
33.21 Versuim om aan enige strafmaatreël, wat weens ’n oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is, te voldoen.
33.22 Enige gedrag wat in die diskresie van die skoolbestuur die goeie naam en etos van die HTS Tom Naudé skade kan berokken.
33.23 Die poging tot en/of begunstiging tot en/of die sameswering tot en/of uitlokking tot pleeg van enige oortreding in hierdie Gedragskode en/of ‘n oortreding wat nie hierin vervat is nie, maar volgens die Beheerliggaam as ‘n oortreding geag moet word, is ook strafbaar en die sanksie wat opgelê sal word sal wees asof die leerder die volle oortreding gepleeg het.

34. DIE WEGNEEM VAN 'N LEERDER SE TOMMIE-VOORREGTE AS DEEL VAN DIE STRAF VIR 'N OORTREDING, KAN HOM/HAAR VAN DIE VOLGENDE GELEENTHEDE ONTSÊ:

34.1 alle Sportwedstryde;
34.2 alle Kultuuraanbiedinge;
34.3 alle Sokkies by die skool;
34.4 alle geesgeleenthede ["Events" by die skool];
34.5 alle toergeleenthede;
34.6 alle funksies by die skool bv. Matriekafskeid;
34.7 alle onderrig- en leeraktiwiteite;
34.8 die dra van kleuretoekennings.

DEEL II

SKEDULE B
STRAF- EN BELONINGSTELSEL

---

1. INLEIDING

Vir die toepassing van hierdie Gedragskode word gedrag gemeet volgens 'n straf- en beloningstelsel. Dit word hiermee op rekord gestel dat die puntestelsel slegs riglyne daarstel en kan enige oortreding op grond van die uitsluitlike diskresie van die skoolbestuur na gelang van die erns van die situasie, in enige kategorie geplaas word. Die dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word, val binne die diskresie van die skoolbestuur.

Indien die leerder 'n oortreding begaan wat nie in hierdie Gedragskode vermeld word nie, is dit die prerogatief van die skoolhoof om te bepaal onder welke kategorie die oortreding sal ressorteer en welke sanksie/straf van toepassing is.

Die poging tot en/of begunstiging tot en/of die sameswering tot en/of uitlokking tot pleeg van enige oortreding in hierdie Gedragskode en/of 'n oortreding wat nie hierin vervat is nie, maar volgens die Beheerliggaam as 'n oortreding geag moet word, is ook strafbaar en die sanksie wat opgelê sal word, sal wees asof die leerder die volle oortreding gepleeg het.

Negatiewe en/of positiewe punte word aan 'n leerder toegeken deur die uitreik van 'n insidentverslag wat ingevul en geteken word deur beide die leerder sowel as die opvoeder / VRL.

Strafmaatreëls en/of korrektiewe optrede kan insluit, maar is nie beperk tot, sit van detensie, skoonmaak van terrein, algemene herstelwerk of enige ander take soos besluit deur die Hoof van Dissipline met in aggenome alle toepaslike regte van alle betrokke partye.

Vanaf 2016 word negatiewe punte teen jaareinde oorgedra na die volgende jaar.

Die volgende skedule (nie noodwendig beperk tot) dui aan watter optrede / dade as oortredings ge-ag word en dus teenstrydig is met die reëls van HTS Tom Naudé:

- Laat vir skool
- Laat vir klas
- Laat vir oefening
- Laat vir wedstryd
- Laat vir aktiwiteit
- Nie afwesigheidsbrief ingehandig nie
- Huiswerk onvoltooid of nie gedoen nie
- Gesels tydens onderrig
- Taak nie betyds nie
- Eet, drink, kou in klas
- Krap op banke, tasse en mure
- Vergeet boeke tuis
- Lê op arms, nie betrokke by die les nie
- Gesels / ontwrigtend tydens afkondiginge
- Onordelike gedrag op stoepe tydens periode-ruiling
- Gesels tydens buite-opening
- Gesels tydens saalbyeenkoms
- Onbevredigende voorkoms
- Tasse wegsteek
- Onwettige balspele
- Kwetsende opmerkings
- Rommelstrooiing in klas of op terrein / sportterrein
- Luister nie na afrigter nie
- Ontwrig oefeninge
- Onsportiewe gedrag
- Betree verbode terrein
- Gedragsprobleme tydens funksies
- Bemorsing en beskadiging van kleedkamers
- Swak gedrag op pawiljoen / dreunsang / vuil liedjies
- Kap teen pawiljoen se sinkplate
- Ontwrig klas
- Ontwrig groepwerk
- Take nie betyds nie
- Ernstige, herhaaldelike gedragsprobleme / enige terrein
- Vloektaal: klas, stoepe, terrein, sportterrein, in skooldrag
- Toeskouer by bakleiery
- In teenwoordigheid van rokers
- Gedragsprobleme tydens funksies
- Fisiese kontak op skoolterrein
- Uitdaging van gesag
- Selfoon nie ingehandig nie
- Vertel leuens tydens ondervraging
- In besit van sigarette / Rook op skoolterrein of in skooldrag
- Afwesig van skool sonder toestemming
- Verlaat skoolterrein sonder toestemming
- Betrokke by bakleiery (sonder enige ooglopende beserings)
- Ernstige wangedrag tydens wedstryde / funksies / aktiwiteite
- Wangedrag by skool
- Oneerlik in toets / eksamen / take
- Beskadiging van eiendom
- Enige vorm van bedrog

• Teenwoordig waar daar dwelms gebruik word
• Woon nie detensie by nie
• Voer nie straf behoorlik uit nie
• Minagting van straf
• ’n Gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank en of onwettige dwelms gebruik het en of in sy of haar besit gehad het en of verkoop of gekoop het en of versprei het
• ‘n Daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg
• ’n Daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar
• In besit is of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van ’n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om ’n onbillike voordeel te verkry
• Haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van of pornografiese materiaal versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid
• Die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend
• Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry by ’n skool;
• Homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op ’n skandelike, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra
• Opsetlike saakbeskadiging / erge vandalisme
• Bendebedrywighede
• Enige oortreding waarvan oneerlikheid ‘n element is tot die oortreding
• Enige seksuele en of verbandhoudende oortreding en of handeling met of sonder die toestemming van die slagoffer
• Satanisme
• Godslastering
• Baklei op en of van skoolterrein
• Ernstige en gereelde ontwrigting van skoolroetine
• Brandstigting
• Snuif van gom / petrol, ens.
• Die pleeg en of skuldigbevinding van ‘n kriminele oortreding - binne of buite die skool
• Enige wangedrag wat die skool se beeld en etos in gedrang mag bring.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS (Geelbriewe)

*30 negatiewe **geel**briewe = 1 detensie.*

3 x detensie = dissiplinêre verhoor PLUS 1 - 5-dag skorsing.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS (Rooibriewe)

*30 negatiewe **rooi**briewe = dissiplinêre verhoor PLUS 1-3 dae skorsing.*

*50 negatiewe **rooi**briewe = dissiplinêre verhoor PLUS 4-5 dae skorsing.*

*100+ negatiewe **rooi**briewe = dissiplinêre verhoor PLUS formele aansoek by die Departement van Onderwys vir permanente skorsing.*

GEELBRIEWE:

Kode	Punte	Oortreding
100	-5	Aankondigings : Steurend
106	-10	Aanranding : Stamp
108	-20	Afknouery : Junior
109	-15	Afknouery : Eie ouderdom
110	-20	Afwesig : 1 periode (Stokkiesdraai)
111	-50	Afwesig : Sonder rede (een dag)
112	-30	Afwesig : Toets (Stokkiesdraai)
113	-15	Afwesig : Aktiwiteit deelnemer
116	-20	Afwesig tydens opening
120	-40	Alkohol : In besit
121	-30	Alkohol : Saam met drinkers
122	-5	Apparaat : Pen - geen
123	-5	Apparaat : Teken - onvolledig
124	-5	Apparaat : Sakrekenaar - geen
127	-5	Boek slordig
128	-10	Boek nie in klas / Nie ingehandig nie
129	-10	Steurende gedrag
130	-10	In besit: ontoelaatbare artikel/s op skoolterrein
133	-30	Taak nie ingehandig GR12 bv. PAT
143	-30	Diefstal : Lae waarde
148	-5	Dobbel in skooltyd
149	-10	Dreigende gedrag : Mondelings - maats (tart)
150	-20	Dreigende gedrag : Mondelings - VLR (tart)
151	-30	Dreigende gedrag : Mondelings - onderwysers (tart)
155	-30	Dwelms : Saam met besitter
156	-5	Eet in klas
157	-5	Geraas in gange
158	-5	Geraas in klaskamer
159	-5	Geraas met saalfunksie
160	-10	Geraas op gronde uitermatig / moedswillig
161	-5	Gooi klippe
162	-5	Gooi papiere rond
163	-5	Gooi voorwerpe
171	-5	Hardloop in gang
172	-10	Huiswerk nie gedoen
173	-5	ID kaart beskadig
174	-5	ID kaart : Geen
175	-10	ID kaart: Nie eie
177	-10	Ignoreer opdrag (herhaaldelik)
178	-5	Kou kougom
179	-5	Laat vir aktiwiteit
181	-5	Laat vir les
183	-10	Laat vir skool
184	-5	Onbeskof teenoor : VLR
185	-10	Onbeskof teenoor : Besoeker
186	-5	Onbeskof teenoor : Maat
187	-20	Onbeskof teenoor : Personeellid

189	-10	Oneerlikheid: Huiswerk
190	-30	Oneerlikheid: Vervalsing / bedrog
191	-10	Oneerlikheid: Mondelinge verklaring
192	-20	Oneerlikheid : Skriftelike verklaring
193	-30	Oneerlikheid : Toets
194	-10	Onveilige handeling in sentrum
195	-5	Oorpak - Geen
196	-5	Opening : Steurend
198	-10	Pouse : Verlaat skoolgronde
200	-20	Rook : In besit van sigarette
201	-10	Rook : In teenwoordigheid van roker
206	-5	Selfoon : Hantering
209	-5	Skeurstrokie nie terug besorg nie
210	-15	Taak / Werksopdrag nie ingehandig op volgende dag
211	-15	Voorkoms : Sigbare tatoeëermerke
212	-5	Voorkoms : Hare / baard inkorrek
213	-10	Voorkoms : Hare / baard inkorrek 2de maal
215	-5	Voorkoms : Juwele
216	-5	Voorkoms : Skooldrag : Inkorrek
217	-5	Voorkoms : Skooldrag : Onnet by die skool
218	-5	Voorkoms : Skooldrag : Onnet buite skoolterrein
219	-30	Vry : bo die klere
221	-5	Spoeg
223	-10	Klaswerk nie gedoen nie
224	-10	Vloek
225	-5	Slaap
226	-10	Swak gedrag
227	-30	Vandalisme : Buite skool
228	-50	Vandalisme : Skooleiendom
229	-30	Vandalisme : Ander se eiendom
230	-10	Vuurwerke : In Besit
231	-10	Vuurwerke : Hanteer
232	-15	Vuurwerke : Steek aan
235	-10	Sekuriteitsoorbrugging (hek/ingang)

ROOIBRIEWE:

Kode	Punte	Oortreding
102	-50	Aanranding : Ernstig beseer
103	-50	Aanranding : Klap
104	-50	Aanranding : Met voorwerp
105	-50	Aanranding : Slaan
107	-100	Aanranding : Personeellid
118	-50	Alkohol : Drink op skoolterrein
119	-50	Alkohol : Dronk by skool
120	-50	Alkohol : In besit
125	-50	Bakleiery : Aggressor
126	-30	Bakleiery : Reaktor
131	-100	In besit: Mes / Gevaarlike wapen
132	-150	In besit: Vuurwapen
142	-100	Diefstal : In winkel enige artikel met skooldrag buite skool

144	-100	Diefstal : Ernstig
152	-150	Dwelms : Verkoop
153	-150	Dwelms : Gebruik
154	-150	Dwelms : In besit van
165	-40	Graffiti : Lastering
166	-40	Graffiti : Seksuele aard
167	-40	Graffiti : Skooleiendom
168	-40	Graffiti : Vulgêre taal
169	-40	Graffiti : Ander se eiendom
170	-40	Graffiti : Eie eiendom
188	-30	Oneerlikheid: Eksamen
197	-30	Pornografie
199	-30	Rook : In openbaar in skooldrag
203	-100	Seksuele omgang
204	-75	Seksuele teistering
205	-50	Seksuele voorstelle
202	-30	Rook : In skooldrag op terrein
214	-30	Voorkoms : Hare / baard inkorrek 3de maal
220	-30	Vry en vroetel : Onder die klere

ALGEMEEN

Belange van die skoolgemeenskap:
In die algemeen het die skoolgemeenskap 'n belang in die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by hulle skool, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders en opvoeders by die skool, en die beskerming en bevordering, in soverre as wat dit moontlik is, van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers van die skool. Uit hierdie algemene stelling kan die volgende elemente uitgelig word vir oorweging:

Vergelding:
Wangedrag moet aangespreek word by wyse van een of ander toepaslike onaangename gevolg ten einde die misnoeë van die gemeenskap oor die pleging daarvan te kenne te gee.

Hervorming:
Waar daar aanduidings is dat die leerder vatbaar is vir hervorming of waarskynlik positief op hervorming sal reageer, sal die gemeenskap die leerder die geleentheid wil gee om sy/haar gedrag te verbeter om sodoende die betrokke leerder asook andere in die posisie te stel om die hoogs moontlike voordeel uit hul skoolloopbaan te put.

Afskrikking:
'n Element van afskrikking van herhaalde wangedrag by 'n besondere leerder of by die leerdergemeenskap in die algemeen, moet ingebou word in die straf toegepas, om te voorkom dat toegeeflikheid ly tot aanhoudende oortreding. Hoe meer algemeen die tipe wangedrag voorkom, hoe meer prominent moet die element van afskrikking wees.

Voorkoming:
Die basiese vraag hier is of dit nodig is om die leerder te isoleer van die skool en sy medeleerders, óf as 'n sterk boodskap dat sy of haar gedrag antisosiaal in die skoolopset is óf as beskerming van die veiligheid (fisies, geestelik of moreel) van die leerders en/of van die skool of beide.

BENADERING TOT TOEPASSING VAN STRAF
Die toepassing van straf vereis behoorlike prosedure net soos in die geval van enige administratiewe prosedure wat die belange van individue raak. Die verantwoordelike persoon moet enige faktore wat hy/sy/hulle van voorneme is om in ag te neem sowel as sy/haar/hulle oogmerke ten opsigte van straf, aan die leerder en sy/haar ouer en/of verteenwoordiger meedeel, vir kommentaar.
Alle kommentaar op hierdie aangeleenthede moet bekom en behoorlik oorweeg word. Die verrigtinge moet genotuleer word.

STRAFMAATREËLS WAT SLEGS DIE BEHEERLIGGAAM MAG TOEPAS
Slegs die beheerliggaam mag, na ’n regverdige verhoor, aanbeveel dat 'n leerder van die skool geskors en of uitgesit word ooreenkomstig die relevante wetgewing.

STRAFMAATREËLS WAT NIE DEUR DIE BEHEERLIGGAAM, SKOOLHOOF OF ENIGE OPVOEDER INGESTEL MAG WORD NIE

Slegs die onderwyshoof van die provinsie, of 'n bevoegde amptenaar deur hom/haar aangewys, mag 'n leerder uit die skool sit.

STRAF EN DIE REGTE VAN DIE LEERDER

Die beheerliggaam, die skoolhoof of die bevoegde opvoeder moet te alle tye, wanneer strafmaatreëls toegepas word, die regte van leerders in gedagte hou, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte.
Straf sal noodwendig op een of meer van daardie regte inbreuk maak. Sodanige inbreukmaking moet egter tot die minimum beperk word, afhangende van die omstandighede.
In die besonder moet enige aantasting van die reg op waardigheid en privaatheid so veel as moontlik beperk word.

DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING OP DIE ONDERSOEK EN VERHOOR VAN DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË BEWEERDE WANGEDRAG

1. **INLEIDING**

1.1 Met die opstel van dissiplinêre prosedures vir die verskeie kategorieë van wangedrag is daar verskeie oorwegings ter sprake.
Terwyl daar te alle tye 'n behoorlike proses en 'n regverdige verhoor moet wees, sal onderrig in die skool tot stilstand kom indien elke dissiplinêre aangeleentheid tot 'n mini verhoor moet ontwikkel.
Aan die anderkant, terwyl geregtigheid spoedig toegepas moet word, moet dit nooit ly tot die ontneming van geregtigheid nie. Namate die erns en gevolge vir die leerder van die oortreding meer en meer word, ontstaan daar 'n groter behoefte vir 'n omvattende proses.

1.2 Skeidsregters in dissiplinêre aangeleenthede in skoolverband dra 'n groot verantwoordelikheid, hoe klein of hoe ernstig die beweerde wangedrag ook al mag wees. Ouers moet kan aanvaar dat daar op 'n regverdige, gebalanseerde en ferm wyse met hulle kinders gehandel sal word. Leerders het die reg om as aldus behandel te word. Skeidsregters moet ook besef dat hulle met kinders werk wat van nature maklik geïntimideer en afgedreig kan word deur 'n volwassene; hulle verkeer op ongelyke vlak wanneer hulle hulleself moet verdedig teen aggressiewe beskuldigings deur diegene wat in 'n gesagsposisie teenoor hulle staan.

1.3 Skeidsregters moet streng onpartydig wees en nie beïnvloed word deur vooropgestelde idees, kollegiale druk of enige oorwegings nie, wat mag lei tot die mislukking van regverdigheid en geregtigheid teenoor 'n leerder.
Hulle moet goed luister en noukeurig ondersoek instel om te verseker dat behoorlike geregtigheid toegepas word, selfs indien dit sou beteken dat 'n probleem onthul word wat hulle kollegas in die verleentheid mag stel.

2. **NOODSAAKLIKE VEREISTES IN ALLE DISSIPLINÊRE PROSEDURES:**

2.1 Volle geleentheid moet aan die leerder gebied word om sy/haar weergawe of tersaaklike feite en omstandighede op rekord te plaas.

2.2 Die skeidsregter moet oop kaarte speel met die leerder deur aan hom/haar te openbaar of welke inligting daar staat gemaak sal word op welke aangeleenthede oorweeg sal word ten einde 'n beslissing te bereik. Op daardie stadium word die leerder toegelaat om kommentaar te lewer of getuienis te weerlê of teenargumente voor te lê.

2.3 So ver as moontlik moet die leerder die geleentheid gebied word om gebruik te maak van die bystand van sy/haar ouer of ouers gedurende of in verband met die dissiplinêre prosedure.

2.4 Die grondwetlike regte van die leerders (sien die Kode van Regte en Pligte) moet te alle tye gerespekteer en nagekom word en so min as moontlik aangetas word.

2.5 Geskrewe uitsprake/beslissings en die redes daarvoor moet aan die leerder en sy/haar ouers voorsien word.

3. **GRAADHOOFDE:**

Die skoolhoof moet een of meer opvoeders aanstel om te dien as skeidsregters in dissiplinêre aangeleenthede waarby die leerders van die verskillende grade betrokke is. 'n Lys van daardie opvoeders en die grade waarby hulle betrokke is moet van tyd tot tyd gepubliseer en beskikbaar gestel word aan elke opvoeder en leerder.

4. Die dissiplinêre kommitee van die Beheerliggaam hanteer alle dissiplinêre verhore.

Dissiplinêre verhoor

(1) By die dissiplinêre verhoor het die leerder die reg om teenwoordig te wees, om verteenwoordig te word, om getuienis te lewer óf persoonlik óf deur ’n verteenwoordiger
   (a) sy of haar saak te stel;
   (b) getuies op te roep;
   (c) vrae te stel aan enige persoon wat as getuie opgeroep is ter ondersteuning van ’n aanklag; en
   (d) dokumente te inspekteer wat as getuienis voorgelê is.

(2) Indien ’n leerder of sy of haar ouers versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon sonder ’n geldige rede, en na behoorlike kennisgewing , kan die verhoor, nadat dit ’n tweede keer saamgeroep is, in hulle afwesigheid gehou word.

(3) Die voorsitter moet aan die begin van die dissiplinêre verhoor die redes vir die dissiplinêre verhoor verduidelik, versoek dat die aanklag of aanklagte gelees word en die leerder versoek om op die aanklag te pleit.

(4) Indien die leerder skuldig pleit, moet die voorsitter
   (a) seker maak dat die leerder weet en verstaan waarop hy of sy skuldig pleit;
   (b) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder vra of enige een vertoë wil rig voor ’n gepaste strafbepaling opgelê word;
   (c) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor ’n gepaste strafbepaling oorleg pleeg;
   (d) seker maak dat die dissiplinêre komitee op ’n gepaste strafbepaling besluit;
   (e) verseker dat die dissiplinêre komitee, na die skuldigbevinding van die leerder aan ernstige wangedrag, besluit of
      (i) die leerder geskors behoort te word vir ’n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
      (ii) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê moet word; of
      (iii) ’n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit; en
   (f) die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

(5) Indien die leerder onskuldig pleit, moet die voorsitter
   (a) versoek dat die ondersoekverslag voorgelees word en getuienis aangebied word ter ondersteuning van die aanklag, wat insluit die oproep van ’n klaer en getuies;

(b) aan die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder die geleentheid bied om vrae te stel aan die klaer en die getuies met die doel om getuienis te weerlê;
(c) komiteelede toelaat om vrae te stel om onduidelikhede op te klaar, waar van toepassing;
(d) die leerder 'n geleentheid bied om sy of haar saak te stel en getuies te roep;
(e) komiteelede toelaat om vrae stel vir duidelikheid;
(f) die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder verskoon terwyl die komitee getuienis in oorweging neem en op die uitspraak besluit; en
(g) die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en hulle inlig aangaande die besluit van die dissiplinêre komitee

(6) Indien die dissiplinêre komitee die leerder skuldig bevind, moet die voorsitter:
(a) hom of haar, of sy of haar verteenwoordiger of ouers van die leerder, vra of hulle vertoë wil rig voordat 'n besluit geneem word oor die gepaste strafbepaling; en
(b) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste strafbepaling oorleg pleeg.

(7) Die dissiplinêre komitee moet dan besluit op 'n gepaste strafbepaling na inagneming van al die getuienis en vertoë en besluit of:
(a) die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
(b) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê word; of
(c) 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit.

(8) Die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

(9) Die leerder of sy of haar ouers moet verder skriftelik ingelig word van die besluit van die beheerliggaam of hy of sy skuldig bevind is al dan nie aan ernstige wangedrag, en die strafbepaling ingestel en of aanbeveel.

8. REG VAN APPÉL EN PROSEDURE DAARVOOR:

8.1 Die leerder en/of sy/haar ouers is geregtig om appèl aan te teken na die Voorsitter van die Beheerliggaam teen die bevinding en/of straf deur die skoolhoof gemaak en toegepas. Sodanige appèl moet skriftelik aangeteken word en moet by die skoolhoof ingedien word binne drie dae vanaf die datum van ontvangs deur die leerder van vorm D. Vanaf die datum van indiening van die kennisgewing van appèl totdat die besluit van die Dissiplinêre Komitee oorgedra word, soos hieronder uiteengesit, word die bevinding en straf opgeskort.

8.2 By ontvangs van die kennisgewing van appèl, moet die skoolhoof 'n volledige en getikte rekord van die verrigtinge, tesame met alle bewysstukke en aanhangsels en alle kennisgewings en vorms uitgereik, sonder versuim voorberei en voorsien aan die Voorsitter van die Beheerliggaam.

8.3 Die Voorsitter van die Beheerliggaam sal die appèl oorweeg slegs met verwysing na die rekord soos voorgelê, tensy dit van mening is dat reg en geregtigheid nie behoorlik daardeur gedien sal word nie: Met dien verstande dat die Voorsitter van die Beheerliggaam die skoolhoof en die leerder en sy/haar ouers by wyse van skriftelike kennisgewing moet uitnooi om geskrewe argumente vir oorweging by die appèl voor te lê.

8.4 Die Voorsitter van die Beheerliggaam is geregtig, indien dit in belang van geregtigheid nodig geag word, om die ondersoek te heropen, in welke geval dit dieselfde prosedure as wat hierbo uiteengesit is, moet volg, asof dit die skoolhoof is wat die aangeleentheid van nuuts af verhoor.

8.5 Die Voorsitter van die Beheerliggaam is geregtig, op appèl, om die beslissing van die skoolhoof te wysig of om 'n ligter of alternatiewe of swaarder straf op te lê as wat deur die skoolhoof opgelê is, of om die geheel of enige gedeelte van sodanige straf op te skort, te wysig, te verlig of te verswaar, op sodanige voorwaardes as wat toepaslik geag word.

8.6 Nadat die appèl behoorlik oorweeg is, moet die Voorsitter van die Beheerliggaam enige wysigings van die straf aanvanklik opgelê skriftelik aan die ouers / voogde van die betrokke leerder oordra.

ONDERSOEK NA VERMOEDELIKE ERNSTIGE WANGEDRAG

(1) Waar daar bewerings is dat die optrede van ’n leerder beskou kan word as ernstige wangedrag moet die bewering onder die aandag van die prinsipaal gebring word, wat
   (a) ondersoek moet instel of moet sorg dat ondersoek ingestel word om te bepaal of daar gronde bestaan vir ’n dissiplinêre verhoor;
   (b) moet besluit of daar genoegsame getuienis is om dissiplinêre prosedures teen die leerder ten opsigte van die ernstige misdryf in te stel en of dit nodig is om die saak by die beheerliggaam aan te meld.

(2) Die beheerliggaam mag, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël, die leerder wat van ernstige wangedrag verdink word, skors van skoolbywoning vir ’n periode van hoogstens sewe skooldae.

(3) Die beheerliggaam moet
   (a) die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel van die voorneme om te skors en die redes daarvoor;
   (b) die leerder en die ouers van die leerder ’n redelike geleentheid bied om vertoë te rig aan die beheerliggaam insake sodanige skorsing, en
   (c) die besluit om die leerder te skors aan die Distriksdirekteur rapporteer, wie ’n register van alle sodanige skorsings moet hou.

(4) Die beheerliggaam moet dissiplinêre prosedures instel teen die leerder binne sewe skooldae na die skorsing van sodanige leerder.

(5) Indien dissiplinêre prosedures nie uitgevoer is binne sewe skooldae na die skorsing van die leerder nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortgesette skorsing van sodanige leerder.

KWYTSKELDING

1. ‘n Leerder kan ter enige tyd by die Voorsitter van die Beheerligaam aansoek doen dat hy of sy kwytgeskel word nadat ‘n sanksie/straf aan hom of haar opgelê is.
2. In die oorweging van die aansoek om kwytskelding, kan die Voorsitter van die Beheerligaam skoolhoof in oorleg met die skoolhoof gesamentlik die volgende faktore oorweeg, met die oog daarop om vas te stel of die leerder positief hervorm het:

2.1 Die dissiplinêre rekord van die leerder tot datum;
2.2 Die akademiese vordering van die leerder;
2.3 Die deelname en prestasie van die leerder op die gebied van sport, kulturele en/of ander skoolaktiwiteite;
2.4 Enige getuienis omtrent die leerder se ingesteldheid teenoor leer en opvoeding en die belange en regte van sy/haar mede-leerders;
2.5 Enige voorleggings deur die leerder en sy/haar ouers gemaak.

3. Slegs wanneer daar goeie objektiewe redes is om te twyfel of die leerder positief hervorm het, mag kwytskelding weerhou word.
4. Wanneer kwytskelding verleen word moet die rekord van enige verrigtinge en straf vir sodanige wangedrag in die leerder se persoonlike lêer of enige ander skool rekord, verwyder word.

GRIEWEPROSEDURE (BESLEGTING VAN GESKILLE)

1. **DOEL:**
Die doel van hierdie prosedure is die oplossing van griewe leerders. Onbeduidende en beuselagtige griewe word ignoreer aangesien die prosedure ten doel het die oplossing van slegs sodanige griewe wat, indien dit onopgelos bly, die harmonieuse verhoudings tussen leerders of die kultuur van verdraagsaamheid en wedersydse respek wat by die skool nagestreef word, sal versteur.

2. **VERTROULIKHEID**
Verklarings gemaak tydens die grieweprosedure mag nie gebruik word as getuienis in enige dissiplinêre prosedure nie. Geskilpunte wat openbaar word deur sodanige verklarings mag egter met die ouers van die betrokke leerder opgeneem word indien die skoolhoof van mening is dat dit noodsaaklik of wenslik is.

3. **GRIEWE**
'n Grief beteken ongelukkigheid by 'n leerder weens die aantasting van enige van sy/haar regte deur 'n ander leerder of leerders, of die aanwesigheid van vrees, spanning, pyn, gekrenktheid of woede by 'n leerder weens die optrede van 'n ander leerder of leerders.

4. **MEDIASIE**

4.1 Die mediator in enige grieweprosedure is die skoolhoof of enige opvoeder deur hom/haar genomineer. Die mediator mag nie kant kies nie en moet enige persepsie dat hy/sy kant kies vermy.

4.2 Die doel van mediasie is om by elkeen van die betrokke partye 'n begrip vir die posisie van die ander party of partye ten aansien van die probleem tuis te bring, om voorstelle te verkry of te maak vir moontlike oplossings van die probleem, en om die partye te beïnvloed om uit eie oorweging die probleem vriendskaplik te skik.

5. **PROSEDURE**

5.1 Die benadeelde leerder moet eers poog om die grief by te lê deur dit te bespreek met die ander betrokke leerder of leerders.

5.2 Indien 'n bespreking nie die geskil oplos nie, moet die benadeelde leerder 'n skriftelike klag by die skoolhoof indien, waarin die omstandighede uiteengesit word en waarin verwys word na die poging om die grief op te los by wyse van samespreking, of waarin redes genoem word waarom geen sodanige bespreking probeer is nie.

5.3 Die klag moet ingedien word binne tien dae vanaf datum van plaasvind van die gebeure wat tot die grief of geskil aanleiding gegee het.

5.4 Die skoolhoof mag die klag verwerp, met skriftelike redes, indien hy/sy van mening is dat dit onbeduidend of beuselagtig is. In sodanige geval mag die leerder 'n skriftelike appèl by die beheerliggaam aanteken teen die verwerping van die klag, binne drie skooldae vanaf die datum waarop hy van die verwerping in kennis gestel is. Die beheerliggaam moet die appèl oorweeg, met of sonder 'n onderhoud met die leerder, en mag dit handhaaf of verwerp met vermelding van skriftelike redes. Indien die appèl gehandhaaf word, moet daar met die grieweprosedure voortgegaan word.

5.5 'n Afskrif van die skriftelike klag moet deur die skoolhoof oorhandig word aan elkeen van die leerders wat by die klagte geïmpliseer word, binne twee skooldae vanaf datum van indiening van die klag, en moet binne twee verdere dae van elke sodanige leerder 'n

skriftelike antwoord bekom, afskrifte waarvan aan die benadeelde leerder oorhandig moet word.

5.6 Die prinsipaal of die persoon deur hom/haar genomineer om as mediator op te tree, moet 'n vergadering belê tussen die betrokke leerders by wyse van skriftelike kennisgewing aan elkeen van hulle, waarin die datum, tyd, plek en name van die persone wat by die vergadering betrek sal word, vermeld moet word.

5.7 By die vergadering moet die mediator die aangeleentheid tussen die partye bemiddel en hy/sy mag 'n redelike tydsbeperking plaas op die duur van die vergadering. Die mediator mag die vergadering uitstel en herbelê.

5.8 Die mediator moet, by die afhandeling van die vergadering, 'n mondige verslag van die vergadering en die uitslag daarvan voorberei vir liassering in 'n vertroulike lêer.

6. BEËINDIGING VAN PROSEDURE

6.1 Die skoolhoof mag, na ontvangs van die klag, en indien hy/sy redelikerwys van mening is dat die klag by kategorie B of kategorie C wangedrag openbaar, die prosedure beëindig en 'n dissiplinêre prosedure aanhangig gemaak ingevolge die Gedragskode, nadat hy enige sodanige verdere ondersoeke as wat hy nodig ag, gehou het.

6.2 Die mediator mag, indien dit uit die hantering van die grieweprosedure blyk dat wangedrag gepleeg is, onmiddellik die prosedure beëindig (voordat dit afgehandel is) en moet dan die beweerde wangedrag aan die skoolhoof rapporteer wat dan kan voortgaan met dissiplinêre prosedures.

7. ANDER GRIEWE

Griewe en geskille tussen 'n opvoeder en 'n leerder of anders om, moet aangemeld word by die Hoof van Dissipline wat by wyse van mediasie die grief sal probeer oplos. Die onus rus by die Hoof van Dissipline om ‘n vergadering en/of kontak met ‘n leerder se ouers / voogde te bewerk. Opvoeders word aangeraai om nie direk met ouers kontak te maak wanneer ‘n grief ontstaan nie. Indien die Hoof van Dissipline van mening is dat ouerbetrokkenheid onnodig is, en die betrokke leerder / opvoeder verskil, mag hulle die grief / saak verwys van die skoolhoof en/of Voorsitter van die Beheerliggaam.

KODE VAN REGTE EN PLIGTE VAN DIE ONDERSKEIE BELANGEGROEPE VAN HTS TOM NAUDé

INLEIDING:

1. Die skoolgemeenskap is saamgestel uit die skoolhoof en opvoeders, nie-opvoederpersoneel van die skool soos administratiewe personeel en skoonmakers, leerders en ouers van leerders. Elke groep en elke individu binne sodanige groep het bepaalde regte en verpligtinge, sommige waarvan uiteengesit word in die aangehegte skedules.
2. Binne die skoolgemeenskap is daar strukture soos die beheerliggaam en die verteenwoordigende raad van leerders wat by wetgewing ingestel is met bepaalde funksies (magte en pligte) om te vervul namens die groepe wat hulle verteenwoordig. Hierdie strukture word ook genoem in die aangehegte skedules.
3. Sommige van die regte en verpligtinge van die onderskeie belangegroepe vloei voort uit die Handves van Menseregte in die Grondwet van die land. Ander vloei voort uit wetgewing van algemene toepassing in die betrokke provinsie of in die land as 'n geheel. Ander vloei weer voort uit die gemenereg van die land.
4. Elke persoon wat oor 'n reg beskik het ook 'n ooreenstemmende verpligting om die regte van andere te eerbiedig. So, byvoorbeeld, kan die vryheid van spraak nie doelbewus gebruik word om 'n klas te ontwrig of 'n ander persoon te beledig nie.
5. Somtyds is daar kompeterende regte. So het elke persoon byvoorbeeld 'n reg op die beskerming van sy/haar waardigheid. Straf vir wangedrag affekteer die leerder se gevoel van waardigheid, maar die reg laat sodanige straf toe in bepaalde omstandighede.
6. Alle groepe en strukture in die skoolgemeenskap behoort, in die uitoefening van hul regte en verpligtinge, te streef om 'n klimaat wat die mees bevorderlike is vir leer en opvoeding in 'n skoon en veilige omgewing, te skep.
7. Alhoewel die regte en verpligtinge waaroor hierin gehandel word verband hou met die skoolomgewing, moet alle betrokke persone hulleself vergewis van wat hul basiese menseregte en wat die basiese menseregte van andere is, soos uiteengesit in die grondwet van die land. Ouers en opvoeders behoort 'n betekenisvolle rol te speel om leerders in te lig oor hierdie basiese regte.
8. Beperking van regte
   Die regte in die Handves van Regte [soos vervat in die Grondwet 108/1996] kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van-
   (a) die aard van die reg;
   (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
   (c) die aard en omvang van die beperking;
   (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
   (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

DEFINISIES:

Tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde en afkortings die betekenis daarteenoor aangedui wanneer in hierdie gedeelte gebruik:

Grondwet - die Grondwet van die RSA, Wet nr 108 van 1996;

SASW	-	die SA Skolewet, Wet nr 84 van 1998;
skool	-	HTS Tom Naudé
Gedragskode	-	Die Gedragskode vir Leerders van die skool
beheerliggaam	-	Die beheerliggaam van HTS Tom Naudé behoorlik gekonstitueer in terme van SASW;
Handves van Menseregte	-	Hoofstuk Twee van die Grondwet;
SARO	-	Die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders.

SKEDULE A: DIE SKOOLHOOF EN OPVOEDERS

1. Die skoolhoof:

1.1 **Regte:**

1.1.1 Die regte van alle opvoeders (sien hieronder).

1.1.2 Die reg dat daar nie ingemeng sal word met die uitoefening van sy professionele pligte nie.

1.1.3 Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy plig om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die Onderwyshoof of die Provinsiale Onderwysdepartement.

1.1.4 Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy pligte (sien hieronder).

1.1.5 Om 'n ex officio lid van die beheerliggaam van die skool te wees.

1.1.6 Die reg van arres, visentering en beslaglegging, aan hom verleen as burger, of kragtens sy amp, of as verantwoordelike persoon, kragtens enige wet, insluitende die Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985; die Strafproseswet, 1977; die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992; en die Wet op Wapens en Ammunisie, 2000.

1.1.7 Om dissiplinêre stappe teen leerders in te stel, en om deel te neem aan die dissiplinêre prosedure teen leerders, soos voorsiening voor gemaak in die Gedragskode of enige wet.

1.2 **Pligte:**

1.2.1 Die pligte van alle opvoeders (sien hieronder).

1.2.2 Om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die Onderwyshoof of die Provinsiale Onderwysdepartement.

1.2.3 Om te verseker dat onderwysdienste van gehalte by die skool voorsien word.

1.2.4 Om die beleid waarvolgens die skool beheer word, te implementeer.

1.2.5 Om 'n kultuur van onderrig en leer by die skool te bevorder.

1.2.6 Om 'n hoë standaard van professionalisme en bestuur by die skool te bevorder.

1.2.7 Om streng op te tree volgens klas se gedragskode.

2. **Opvoeders:**

2.1 **Regte:**

2.1.1 Om gerespekteer te word deur die leerders.

2.1.2 Om in 'n veilige omgewing te werk.

2.1.3 Om in 'n netjiese, geordende omgewing te werk.

2.1.4 Om die volle samewerking van die leerders in die klas te hê.

2.1.5 Om ondersteun te word deur 'n regverdige dissiplinêre stelsel.

2.1.6 Om ondersteun te word deur die Skoolbestuur en Beheerliggaam in die instandhouding van dissipline in die skool.

2.1.7 Om binne die dissiplinêre kode leerders wat die klas ontwrig, toegang te weier.

2.1.8 Om met billike werkslading belas te word.

2.1.9 Regte in terme van arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.

2.1.10 Om deur die beheerliggaam ondersteun te word in die uitoefening van hul professionele funksies.
2.1.11 Vryheid van assosiasie, vergadering, demonstrasie en vreedsame petisionering, ongewapen, en sonder om inbreuk te maak op die regte van ander.
2.1.12 Om lede van politieke partye te wees.
2.1.13 Om leerders te dissiplineer in ooreenstemming met die skool se Gedragskode.
2.1.14 Die reg op privaatheid en waardigheid (d.w.s. dat geen persoon onregmatiglik op hul privaatheid inbreuk mag maak nie, om nie deur enigiemand aangerand, belaster, beledig of verneder te word nie).
2.1.15 Die reg dat daar nie onregmatiglik teen hulle gediskrimineer sal word op grond van ras, kleur, geslag, seksuele voorkeure, klas, ongeskiktheid, standpunt, gewete, godsdiens, kultuur of taal nie.
2.1.16 Om nie mee ingemeng te word in die uitvoering van hul professionele pligte nie.
2.1.17 Om nie hoef deel te neem aan enige van die godsdienstige onderrigklasse of godsdienstige geleenthede by die skool en om nie onbehoorlik beïnvloed te word om dit te doen nie.
2.1.18 Vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging, opinie, spraak en uitdrukking.
2.1.19 Om geraadpleeg te word by die opstel en wysiging van die Gedragskode.
2.1.20 Om ten minste eenmaal per jaar ’n verslag van die beheerliggaam te ontvang van sy werksaamhede.

2.2 **Pligte:**
2.2.1 Ons onderneem om elke dag van klok-tot-klok klas te gee.
2.2.2 Betyds op te daag vir werk en vir elke periode.
2.2.3 Elke dag voor te berei sodat die lesse interessant en aanpassend is by die belangstellings, behoeftes en vermoëns van die leerders.
2.2.4 Goeie interpersoonlike verhoudings met die leerders te ontwikkel.
2.2.5 Op ‘n verantwoordbare en professionele wyse op te tree, sodat die leerders ons voorbeeld kan navolg.
2.2.6 ‘n Atmosfeer in die klaskamer te skep wat respek, dissipline en goeie gedrag sal stimuleer sodat effektiewe onderrig kan plaasvind.
2.2.7 Ons onderneem om ‘n verskeidenheid onderrigstrategieë te gebruik om voorsiening te maak vir verskillende leerstyle van leerders.
2.2.8 Om die skool se Gedragskode na te kom.
2.2.9 Om te poog om die intellektuele en persoonlike ontwikkeling van leerders te bevorder.
2.2.10 Om 'n kultuur van leer en onderrig te bevorder.
2.2.11 Om op 'n regverdige en onpartydige wyse op te tree wanneer met leerders gewerk word.
2.2.12 Om 'n hoë vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf.
2.2.13 Om die regte van leerders te respekteer.
2.2.14 Om geen godsdiens te verkleineer of te poog om leerders te indoktrineer tot enige spesifieke geloof of godsdiens nie.
2.2.15 Om die regte van ouers om leiding aan hul kinders te gee aangaande die uitoefening van hul vryheid van godsdiens, uitdrukking, geloof, gedagte, standpunt en spraak, te respekteer.
2.2.16 Om die regte van ouers te respekteer.
2.2.17 Om leerders te beskerm teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.
2.2.18 Om te voldoen aan die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) en in die besonder:

(a) Om enige vorm van vernedering te vermy, en om hulle te weerhou van enige vorm van kindermishandeling, fisies of geestelik (byvoorbeeld viktimisasie, sarkasme, afbreek van selfbeeld, ensovoorts);
(b) Om toepaslike taal en gedrag te gebruik in hulle interaksie met leerders;
(c) Om nie lui te wees in die uitoefening van hul pligte nie;
(d) Om 'n gesonde verhouding met ouers te bevorder;
(e) Om te doen wat prakties moontlik is om ouers voldoende ingelig te hou omtrent die algemene welsyn en vordering van die leerder;
(f) Om nie die status en gesag van hul kollegas te ondermyn nie.

SKEDULE B: OUERS

1. Regte:

1.1 Om hul kinders te verteenwoordig, om aandag te gee aan die afdwing van hul regte, en om hul fisiese, geestelike en morele welsyn te beskerm en te bevorder.

1.2 Om voldoende ingelig te word omtrent die welsyn en vordering van hul kinders by die skool.

1.3 Om leiding te gee aan hul kinders in verband met die uitoefening van hul regte (as leerders) van vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging en opinie, en dat daardie reg van leiding gee gerespekteer sal word deur alle opvoeders.

1.4 Om namens hul kinders as leerders, die reg, uitgeoefen te word by toelating van hul kinders tot die skool, om die taal van onderrig te kies, uit te oefen.

1.5 Om hul kinders as leerders in enige dissiplinêre prosedure wat teen hulle ingestel mag word kragtens die Gedragskode, te verteenwoordig.

1.6 Die reg van toegang tot inligting wat deur die Provinsiale Departement van Onderwys, die skool of die beheerliggaam van die skool gehou word en wat benodig word
(a) vir die uitoefening of beskerming van enige van hul kinders se regte as leerders, of hul eie regte as ouers;
(b) waar sodanige inligting op hul kinders van toepassing is;
(c) behalwe waar die versoek vir inligting ooglopend kwaadwillig of tydelik is, of waar die inligting aan die skool, departement of beheerliggaam sonder kwade bedoelings en in vertroue verskaf is deur 'n persoon, en daardie persoon nie toestem tot die openbaarmaking van die inligting nie.

1.7 Om gekonsulteer te word aangaande die opstel of wysiging van die Gedragskode.

1.8 Onderworpe aan toepaslike wetgewing, om verkiesbaar te wees as kandidaat ouerverteenwoordiger in verkiesings van die ouerverteenwoordigers tot die skool se beheerliggaam, en om te stem in sodanige verkiesings.

1.9 Om 'n verslag van die beheerliggaam te ontvang rakende sy werksaamhede ten minste eenmaal per jaar.

1.10 Om te stem by 'n algemene vergadering (waarvan ten minste 30 dae kennis gegee moet word) vir die aanvaarding van die jaarlikse begroting voorberei deur die beheerliggaam van die skool vir die daaropvolgende finansiële jaar.

1.11 Onderworpe aan enige wette tot die teendeel, om te stem by 'n algemene ouervergadering (waarvan ten minste 30 dae vooraf kennis gegee moes word) oor die vraag of die betaling van skoolgeld vrywillig of verpligtend sal wees, en vir die aanvaarding van billike maatreëls vir die verlening van vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld aan behoeftige ouers.

1.12 Om op redelike kennisgewing en op 'n gerieflike tyd, die beheerliggaam se rekords van gelde ontvang en spandeer by die skool, die bates, laste en finansiële transaksies, en die jaarlikse finansiële state van die skool, soos geoudit of ondersoek ingevolge die SA Skolewet, te inspekteer.

1.13 Die reg op privaatheid en vertroulikheid.

1.14 Die reg op waardigheid en waardige behandeling (d.w.s. om nie beledig, belaster, verneder te word of onderwerp te word aan enige vernedering deur enige opvoeder of ander lid van die personeel of leerder nie).

1.15 Om nie onregverdig teen gediskrimineer te word nie, hetsy direk hetsy indirek, op enige van die gronde soos uiteengesit in artikel 9 van die Grondwet van die land of op enige ander gronde.

1.16 Om vreedsaam, ongewapen en sonder om die proses van leer en onderrig by die skool te ontwrig, te vergader, te betoog en petisies te oorhandig.

2. **Pligte:**

2.1 Om die skool se beheerliggaam te ondersteun in die uitoefening van sy wettige funksies.

2.2 Om te reageer op kennisgewings van die skool waarin 'n reaksie geverg word of om skriftelike redes te verskaf waarom daar nie gereageer word nie.

2.3 Om te verseker dat hul kinders die skool asook aangewese skoolfunksies gereeld en stiptelik bywoon en om skriftelike en redelik aanvaarbare redes vir enige afwesighede of laatkommery te verskaf.

2.4 Om die skoolhoof en hul kinders se opvoeders te verwittig van enige aangeleentheid wat 'n invloed mag hê op die kinders se fisiese, geestelike of morele welsyn of die opvoedkundige omstandighede by die skool.

2.5 Om te verseker dat hul kinders die reëls en voorskrifte van die Gedragskode nakom; in die besonder om te verseker dat hul kinders skoon en netjies is wanneer hulle die skool bywoon en dat hulle die betrokke reëls met betrekking tot skooldrag en voorkoms nakom.

2.6 Om die skoolhoof en opvoeders te ondersteun deur te verseker dat hul kinders hul huiswerk voltooi en die skool bywoon toegerus met die nodige boeke, skryfbehoeftes en toerusting wat vereis word vir elke dag se opvoedkundige program.

2.7 Om ouervergaderings wat deur die skoolhoof, enige klasopvoeder of die beheerliggaam belê word, by te woon en, in die algemeen, om 'n aktiewe en ondersteunende rol in die skoollewe te vervul.

2.8 Om 'n harmonieuse verhouding tussen die ouers en die personeel van die skool te bevorder.

2.9 Om hulle te weerhou van enige openbare optrede by enige geleentheid, insluitende skoolfunksies en aktiwiteite, wat daarop gemik is of die effek mag hê om die goeie naam van die skool in gedrang te bring.

2.10 Om hulleself te vergewis en hul kinders te leer van die inhoud en effek van die handves van menseregte in die grondwet van die land.

2.11 Om te poog om 'n kultuur van wedersydse respek en verdraagsaamheid in die skoolgemeenskap te bevorder.

2.12 Om te verseker dat hul kinders, as leerders, die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat tot hul beskikking gestel is, goed sal oppas en dit sal

terugbesorg aan die skool op of voor die datum bepaal deur die skoolhoof, enige opvoeder of die beheerliggaam.

2.13 Om die skool of die Departement te vergoed vir:
- die verlies van of skade aan enige van die skool of die Departement se eiendom, toevertrou aan hul kinders as leerders, vir welke verlies of skade die kinders aanspreeklik sou wees indien dit nie vir hulle minderjarigheid was nie;
- die redelike waarde van enige skooleiendom of Departementele eiendom wat nie aan die skool terugbesorg word ingevolge 2.12 hierbo nie;
- enige skade aangerig aan die eiendom van die skool of die Departement deur hul kinders, hetsy opsetlik hetsy nalatiglik.

2.14 Om by hul kinders 'n kultuur van respek vir die eiendom van die skool en die Departement in te skerp.

2.15 Om nie in te meng met enige opvoeder of ander lid van die personeel by die skool in die uitvoering van hul professionele funksies nie.

2.16 Om die skoolgeld soos bepaal is in terme van artikel 39 van die SA Skolewet, te betaal.

2.17 Die morele plig om die skool te voorsien van geld en ander middele ten einde die voorsiening van gehalte onderwys vir hul kinders by die skool in 'n veilige, skoon en opvoedingsvriendelike omgewing te handhaaf en te bevorder.

SKEDULE C: LEERDERS

1. **Regte (Spesifiek en Algemeen)**

1.1 Leerders het die reg om in ‘n ordelike, gestruktureerde omgewing sonder enige onnodige onderbrekings te werk.

1.2 Leerders het die reg tot ‘n veilige, skoon, netjiese en geordende werks- en leeromgewing.

1.3 Elke persoon in die leeromgewing het die reg om met hoflikheid en respek behandel te word.

1.4 Elke leerder het die reg tot ‘n regverdige ondersoek na die aanklagte wat teen hom/haar gemaak is, asook die reg om te appelleer teen die dissiplinêre stappe wat teen hom/haar geneem is.

1.5 Leerders het die reg tot ‘n regverdige dissiplinêre stelsel. Die basiese eienskappe van ‘n regverdige en deursigtige dissiplinêre stelsel is onder meer die volgende:

1.6 Die opvoeder moet seker maak of die leerder wel die oortreding begaan het waarvan hy/sy beskuldig word.

1.7 Die opvoeder moet altyd die presiese aard van die oortreding deeglik aan die leerder verduidelik.

1.8 Die leerder moet altyd ‘n regverdige geleentheid ontvang om sy/haar kant van die saak te verduidelik.

1.9 Die opvoeder behoort altyd aandagtig en sonder enige onderbrekings en/of tussenwerpsels na die leerder te luister.

1.10 Die aanklagte teen die leerder behoort altyd deeglik en sonder vooroordeel ondersoek te word.

1.11 Die reëls van die skool moet op ‘n gereelde basis intensief met die leerders bespreek word.

1.12 Die reg op gelyke toegang tot alle openbare skole.

1.13 Die reg op die voorsiening deur die skool van hul opvoedkundige behoeftes sonder enige vorm van diskriminasie (SASW artikel 5(1)).

1.14 Om nie toegang tot die skool geweier te word omdat hul ouers nie in staat is om die skoolgeld te betaal of dit nog nie betaal het nie, soos vasgestel volgens artikel 39 van SASW (SASW artikel 5(3) en artikel 17).

1.15 Die reg op basiese opvoeding vanaf graad 0 tot graad 9 (Grondwet artikel 29(1)).
1.16 Die reg op verdere opvoeding (graad 10 tot graad 12) (Grondwet artikel 29(1)).
1.17 Die reg op Onderwys in die amptelike taal of tale van hulle keuse, waar sodanige onderwys redelik prakties is (Grondwet artikel 29(2)), welke reg deur hul ouers namens hulle uitgeoefen word by aansoek om toelating tot die skool (Norme vir Toelating B1 en B2).
1.18 Om toegelaat te word tot die skool indien die skool die taal of tale deur hulle gekies, gebruik, en waar daar beskikbare plek is in die betrokke graad (Norme vir Toelating B3).
1.19 Om nie onderwerp hoef te word aan enige toets toegepas deur die beheerliggaam of deur die skoolhoof op die beheerliggaam se aanwysing of magtiging, met betrekking tot sy/haar toelating tot die skool (SASW artikel 5(2).
1.20 Om nie onderwerp te word aan 'n toets vir taalvaardigheid as 'n voorvereiste vir toelating tot die skool nie.
1.21 Om nie gestraf te word weens gebruik van 'n taal wat nie 'n onderrigtaal by die skool is nie.
1.22 Om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering;
1.24 Om nie verplig te kan word om werk te doen wat gevaarlik is vir hul fisiese of geestelike gesondheid nie;
1.25 Die reg dat hul beste belange as van kardinale belang beskou sal word in enige aangeleentheid wat hulle mag raak (Grondwet artikel 28).
1.26 Die reg op respek en beskerming van hul waardigheid (byvoorbeeld om nie beledig, verneder, belaster, aangerand, ensovoorts te word nie) (Grondwet artikel 10).
1.27 Die reg op beskerming teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.
1.28 Om behandel te word op 'n billike en onpartydige wyse deur opvoeders.
1.29 Om nie onregmatiglik teen gediskrimineer te word op een of meer van die volgende gronde nie, insluitende ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele voorkeure, ouderdom, ongeskiktheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal of geboorte (Grondwet artikel 9).
1.30 Die reg op 'n skoolomgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie (Grondwet artikel 24).
1.31 Die reg op vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, geloof, opinie, spraak en uitdrukking (maar nie om enige een op te sweep of skade te berokken of om haat aan te wakker gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens nie) (Grondwet artikel 15 & 16).
1.32 Om nie geïndoktrineer te word tot enige besondere geloof of opinie nie.
1.33 Die reg op vryheid van assosiasie (Grondwet artikel 18).
1.34 Om nie godsdienstige opvoedingsklasse of godsdienstige geleenthede by 'n publieke skool by te woon nie (met die reg aan die ouers om in hierdie verband leiding aan hulle kinders te gee aangaande die uitoefening van hierdie regte) (Grondwet artikel 15).
1.35 Om te vergader, te betoog of petisies te oorhandig sonder om inbreuk te maak op die regte van ander (Grondwet artikel 17).
1.36 Om deur die beheerliggaam geken te word aangaande die opstel of wysiging van 'n gedragskode vir leerders by die skool (SASW artikel 8(1)).

1.37 Die reg op administratiewe aksie wat wettig, redelik en prosedureel billik is. In die besonder, waar enige van hul regte of belange geraak word deur enige administratiewe optrede (byvoorbeeld dissiplinêre prosedure teen hulle) om skriftelike redes gegee te word vir sodanige aksie (tensy die redes openbaar gemaak is) (Grondwet artikel 33 en skedule 6; artikel 23; SASW artikel 8 en 9).

1.38 Die reg van toegang tot alle inligting wat deur die skool of sy beheerliggaam gehou word, waar hulle sodanige inligting benodig vir die beskerming of uitoefening van hul regte (SASW artikel 59).

1.39 Die reg op die beskerming en uitoefening van al hul grondwetlike regte waarna hierin verwys word, deur die Staat (Grondwet artikel 7).
(Nota: 'n Wet van algemene toepassing kan enige van die regte in die hand wees van menseregte in die grondwet onder bepaalde omstandighede beperk (Grondwet artikel 36).

1.40 Die reg om van die beheerliggaam van die skool te verwag:
(a) om gehalte onderwys by die skool te voorsien (SASW artikel 20(1);
(b) om alle redelike maatreëls binne sy vermoë te tref om die middele deur die staat voorsien aan te vul ten einde die standaard van opvoeding aan die leerders by die skool te verhoog (SASW artikel 37).

1.41 Om van die skoolhoof en opvoeders van die skool te verwag :
(a) om hul intellektuele en persoonlike ontwikkeling te verbeter;
(b) dat toepaslike maatreëls getref sal word om 'n hoër vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf;
(c) dat opvoedkundige dienste van gehalte by die skool voorsien sal word;
(d) dat die SA Raad van Opvoeders se gedragskode nagekom sal word en, in die besonder -
(e) dat opvoeders enige vorm van vernedering van kinders sal vermy en hulle sal weerhou van enige vorm van kindermishandeling, hetsy fisies hetsy geestelik;
(f) dat opvoeders toepaslike taal en gedrag sal toepas in hulle interaksie met leerders;
(g) dat opvoeders nie lui sal wees in die uitoefening van hulle pligte nie.

1.42 Om van die staat te verwag om die skool te befonds uit publieke fondse op 'n gelyke basis om die behoorlike uitoefening van hul reg tot opvoeding te verseker (SASW artikel 34).

1.43 Die reg om nie onderwerp te word aan lyfstraf by die skool deur enige persoon nie (SASW artikel 10).

2 Pligte:

2.1 Onderneem om elke dag klas by te woon.

2.2 Stiptelik en betyds te wees.

2.3 Eienaarskap vir my skoolwerk te aanvaar.

2.4 Alle huiswerk en opdragte volledig, betyds en gereeld te voltooi.

2.5 Respek vir skooleiendom en ander se persoonlike eiendom te hê.

2.6 Op ‘n verantwoordelike wyse te gedra sodat andere se veiligheid nie in gedrang kom nie.

2.7 Die skoolreëls, koshuisreëls, gedragskode, prosedures en standaarde van die skool te gehoorsaam.

2.8 Respek te hê vir alle opvoeders en ander personeel en volwassenes en hulle spontaan te groet.

2.9 Om op te staan as opvoeders en volwassenes naby my omgewing kom.

2.10 Om die regte van opvoeders, medeleerders, ouers en nie-opvoeder personeel by die skool te respekteer.

2.11 Om die Gedragskode na te kom (SASW artikel 18).

2.12 Om die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat aan hulle toevertrou word, goed op te pas en dit aan die skool terug te besorg op of voor die datum gespesifiseer deur enige opvoeder of die beheerliggaam van die skool.
2.13 Om 'n kultuur van verdraagsaamheid en respek vir die menseregte van andere, 'n kultuur van leer en onderrig, en respek vir skooleiendom en eiendom van die staat deur die skool gebruik, te bevorder.

SKEDULE D: NIE-OPVOEDER PERSONEEL

1. **Regte**
1.1 Hul regte ingevolge arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.
1.2 Dieselfde regte as dié van opvoeders, uiteengesit in paragraaf 2.1 van skedule A.

2. **Pligte**
2.1 Dieselfde pligte as dié van opvoeders, soos uiteengesit in paragraaf 2.2 van Skedule A.
2.2 Om die skoolhoof, opvoeders en beheerliggaam te ondersteun in die uitoefening van hul onderskeie pligte en funksies.
2.3 Om te verseker dat behoorlike rekords gehou word, dat gesonde administrasie toegepas word en dat 'n skoon en aangename atmosfeer vir opvoeders, leerders en hulleself by die skool geskep word.
2.4 Om toepaslike taal en voorbeeldige gedrag te gebruik in alle omgang met leerders, opvoeders, ouers en kollegas.